Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

9 Februarie 2018
Nr 4/2018

Warm nuus!

Dag van verootmoediging: *14 Februarie 2018*
– Laat die klokke lui –

Nelis Janse van Rensburg, Voorsitter van die Moderamen NG Kerk skryf soos volg:
"In hierdie tyd van knellende droogte word gelowiges uitgedaag om hulle te verootmoedig en in gebed hulle vertroue op God te plaas vir hulp en uitkoms. In die Bybel sien ons immers dat woestyn- en swaarkrytye geleenthede geword het van diepe verootmoediging. Dit was ook in dié tye dat God sy roeping aan mense bekend gemaak het en hulle opnuut bewus geword het van hulle afhanklikheid van Hom… [Lees die volledige brief hier...]

'n Vriendelike beroep word op gemeentes gedoen om tydens hierdie geleentheid ook **drinkwater in te samel en te versend** na die *Groote Kerk in Kaapstad*.

- Skole in die gemeentegrense kan dalk ook vir die projek betrek word.

Adres: Kloofstraat 55, Gardens, Kaapstad 8001
Navrae: Gemeentes en individue is ook welkom om met ds Riaan de Villiers kontak te maak oor reëlings in die verband by riaan@grootekerk.org.za of 084 795 2223.

Ringsontwikkeling

Daar vind nog twee geleenthede plaas waar ringskommissies die geleentheid gaan kry om bietjie saam te dink oor hulle rol. **Datums**:
16 Februarie – 09:00-12:00, NG Overkruin
19 *Februarie* – 09:00-12:00, NG Pietersburg-Noord

Skribas word gevra om asseblief ten minste ***vier dae voor die betrokke byeenkoms*** vir Hermien [hermien@noordsin.co.za; tel 012-440 6525] ***hoeveel van die Ringskommissie*** dit gaan bywoon.

Michael Moynagh oor: Gestuurde Kerkwees

Gratis bywoning vir leraars van Noordelike Sinode wat voor *20 Februarie* vir Hermien kontak by 012-440 6525.

Terwyl ons in die NG Kerk besig is met ons eie planne en programme vir die skuif na 'n gestuurde kerk, is daar op ander plekke in die wêreld ook baie betekenisvolle ontwikkelings. Een van die belangrikste is **Fresh Expressions** wat in die Anglikaanse Kerk baie sukses behaal.
Vir baie dominees is Fresh Expressions gelyk aan die plant van nuwe kerke, maar dit is net 'n deeltjie van hele prentjie. Soos ons tans in die Kerk daaraan werk om terug te keer na ons roeping as 'n gestuurde kerk, beywer Fresh Expressions hulle vir 'n *Mission Shaped Ministry*. Daar is ook reeds in SA 'n uitgebreide netwerk wat gemeentes in die praktyk help met hierdie oorgang.

- As jy meer oor Mike Moynagh en sy teologiese insigte wil weet, kliek hier

Besonderhede
Datum en tyd: ***22 Februarie 2018*** 10:00 -15:00
Plek: Lux Mundi Gemeente, Florisstraat 685, Garsfontein, Pretoria

Sinodale nuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkomste** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
** ***13 Februarie*****: Skriflesing**: Genesis 9.
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Skoliekamp: 2-8 April 2018: Graad 11 & 12

Dit is amper weer tyd vir skolliekamp!
Ken jy iemand in graad 11 of 12? Dan moet jy hulle persoonlik (of ten minste op fb ;-) nooi) om saam te kamp.

Sinodes Noord en Oos vat hande: Ds Johan Avenant skryf: *"Badseloop kampterrein was hierdie jaar nie beskikbaar dat ons, ons Skoliekamp daar kan hou nie (Hansie-week rugby). Die kampbestuur het saam met Oostelike sinode se kampbestuur besluit om hierdie jaar **'n gesamentlike kamp** saam met hulle op hulle terrein **Kruisrivier** te hou. Van ons hoofspan gaan ook daar by hulle bestuur deelneem. Hier is die inligting sodat jy kan inskryf as personeellid of Skolie.*

- **Vir inligting oor die kamp** en die **kampterrein**, besoek: Skolliekamp 2018 Mpumalanga / Gauteng en Kruisrivier Kampterrein.

❖ Badseloop Gedenkblad

Twee rolspelers in die ryke geskiedenis van Badseloop Jeugkampterrein sal vir altyd uitstaan - ds Norval Geldenhuys en oom Vick van Zyl.

Die tyd het nou ryp geword om die geskiedenis van die afgelope sowat 75 jaar, en die reuse invloed wat van daar af uitgekring het, op skrif te stel!

U hulp word ingeroep om hierdie kennisgewing so wyd as moontlik bekend te maak!

Ons benodig onder meer:
❶ *Getuienisse en foto's* (1-4 MB) van lewensbelangrike keuses en verhoudinge wat aldaar sy grondslag gevind het;
❷ *Brokkies geskiedenis* wat vir die koninkryk, kerk en nageslag in herinnering geroep en bewaar moet word;
❸ *Staaltjies* van gebeure wat daar plaasgevind het, en ter wille van inspirasie deur ander gelees moet word;
❹ *Donasies* - die Bestuurskomitee én Beheerraad versoek dat inbetaling per internet soos volg sal geskied:
Badseloop Jeugkampterrein; ABSA; lopende rekening: 10-8014-1862; takkode: 632 005
Donasies van *individue* moet asb. die volgende verwysing vermeld: BGB; gevolg deur u van, naam/voorletter(s);
Donasies van *instansies* moet asb. die volgende verwysing vermeld: BGB; gevolg deur naam van gemeente, (bv).
Bydraes, navrae, wenke of aanbieding van hulp (vir oorweging deur die loodskomitee) moet asb. gerig word aan: **dr. Willus Knipe**; e-posadres: willus.knipe@gmail.com; sel nr: 082 447 1297

Kolleganuus

❖ **Verjaarsdagwense** Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

11/02 Marco la Grange [Koedoeskop, 078 824 6966, marcolagrange@icloud.com]
Johan Bosman [Emeritus, 082 409 0185, bosmanjnr@vaalwater.ng.org.za]
12/02 Fouché de Wet [Suidoos-Pretoria, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za]
Gert Voster [Emeritus, 083 259 9422, vors1234@mweb.co.za
13/02 Anel Pienaar [Pretoria-Dowes, 082 069 0494, anel.ferreira@gmail.com]
14/02 Tokkie Scheepers [Emeritus, 046 654 0407, tokkie@lantic.net]
Jannie Hamman [Emeritus, 082 813 9692]
16/02 Niekie Lamprecht [Pretoria-Oos, 083 254 4232, niekie@ooskerk.org.za]
17/02 Attie Nel [Waverley, 082 418 5054, attie@ngwaverley.co.za]
18/02 Jacques Erasmus [Noordoos-Pretoria, 061 988 5948, jacquesmyburgh.jm@gmail.com]

****

11/02 Lizette Cornelissen [Raslouw, 082 561 1820, mariusco@lantic.net]
Hanlie Botha [Mootvallei, 012-546 3545, jan@pastoralepraktyk.co.za]
14/02 Gerda Barnard [Valhalla, 012-752 6625, hjjbarnard5@gmail.com]
Christa Lambrechts [Wespoort, 012-546 8859, hendrikl@telkomsa.net
Lieze Meiring [Universiteitsoord, 082 807 4530, arno@universiteitsoord.co.za]
17/02 Juckie de Vos [Wonderboompoort, 012-377 0206, whdevos@gmail.com]
18/02 Nicolene Venter [Potgietersrus-Oos, 015-491 3032, phventer@mweb.co.za]

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**
Chinhoyi/Karoi (Gestig 11/02/1948)
Valhalla (Gestig 15/02/1960)

❖ **Queenswood - Huis Herfsblaar: Vakature – Uitvoerende Bestuurder**
Huis Herfsblaar (Aftree-Oord) is geleë in Webbweg 1244, Queenswood Pretoria met 463 inwoners en 'n personeelkorps van 340.
Posspesifikasies (Posvereistes):
Oorhoofse bestuur van Huis Herfsblaar met besondere verwysing na:
***Finansiële bestuur, begroting en –verslagdoening; *Fasiliteite bestuur (Bedryf & Eiendomme); *Personeelbestuur; *Verpleeg/versorgingsbestuur; *Kontrak onderhandelings en –administrasie. *Tree op as Sekretaris van die Raad van Trustees.
Sluitingsdatum vir aansoek: *12 Februarie 2018* om 12:00.
Navrae: Navrae kan nie later as 20:00 gerig word aan **Riaan Engelbrecht** (083 376 1938) of **Corrie Kruger** (072 238 7142) of 012-333 4445 (07:30-15:00).

❖ **Magalieskruin: Vakature – Jeugwerker** vanaf ***1 Maart 2018***.
Gemeenteprofiel:
• Magalieskruin is 'n makro gemeente in die Noordelike voorstede van Pretoria. Daar is 'n groot en aktiewe Senior Jeugbediening van ongeveer 500 jongmense wat Connect genoem word.
• Die gemeente volg 'n behoudende en Bybelsgefundeerde teologie wat dinamies en modern toegepas word om aansluiting te vind by vandag se mense.
• Die gemeente se visie is Genees, Groei en Dien.
Aansoeke en navrae moet gerig word aan:
Ds Corne Bootha
Epos: priester79@gmail.com of faks: 086 535 4797
Navrae: Ds Corne Bootha, tel 012-548 0775 / 082 786 4834
Sluitingsdatum: *18 Februarie 2018*

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

❖ **Verklaring: NG Kerk Moderatuur**

Gustav Claassen, Algemene Sekretaris skryf soos volg: **"**Graag bring ek twee sake onder julle aandag. Die moderatuur het op 6 Februarie 'n verklaring beskikbaar gestel met betrekking tot die regsproses wat aan die gang is. Die tweede saak handel oor die verkiesing van nuwe besture vir skoolbeheerliggame. Dit is 'n uiters belangrike saak wat aandag verdien gesien in die lig van voorgestelde wysigings op die die Skolewet wat die mandaat van beheer-liggame radikaal wil beperk". [Lees die verklaring hier...]

Ander nuus

❖ Excelsus kursusse

Publieke lesing: **Dr Michael Monyagh (Fresh Expressions)**
Datum: ***23 Februarie 2018***
Tyd: 09:00 - 12:00
Venue: Eeufeessaal (Kamer 2-10), Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria
Koste: R50 betaalbaar met registrasie by die geleentheid - Studente : gratis!
RSVP: *20 Feburarie 2018* na excelsus@up.ac.za
Voltooi asseblief die inskrywingsvorm en stuur na excelsus@up.ac.za: Kliek hier
VBO-punte: 3 VBO-punte

Hermeneutiek Konferensie: Hoe verstaan ek wat ek lees [Lees hier meer...]
Datum: ***5-6 Maart 2018***
Plek: Vaal de Sioleh **(Op die Venterskroon pad, naby Parys - Vrystaat)**
Koste: R400 (Goudland Sinode) of R800 (Al die ander Sinodale Streke)
VBO: 12 Punte
RSVP: *5 Februarie* (volbring@ngkgoudland.org.za)

A two-day symposium: with renowned Preacher and Homiletician **prof Tom Long**
Theme: Preaching from Memory to Hope
When: ***19 & 20 March 2018*** [09:00-16:00]
Where: NG Stellastraat
Cost: R 480-00 (inclusive of lunch and refreshments)
➢ **Voltooi asseblief** die **inskrywingsvorm** en stuur na excelsus@up.ac.za: Kliek hier

Zama-Zama : **Jaarkursus in pastorale opleiding, berading en gemeenskapsdiens**
Datum: vanaf ***1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019***!
Status van kursus: Sertifikaat. Geakkrediteer deur Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, **120 VBO punte**
Registrasie: Tot en met *29 Februarie 2018*
Navrae: *Dr Jan Botha* (012 5463545 of 076 481 5683 / E-pos: alfa@hepl4you.co.za) of *dr Retha Kruidenier* (012 329 1352 of 082 413 8462 / E-pos - retha@geo-logic.com)
Webwerwe: alfapastoralepraktyk.com of zamazamahope4u.com

❖ Sentrum vir Spiritualiteit: Ring van Suidoos-Pretoria

➢ **Retreat** : **gelei deur Willem en Joke Nicol**
Datum: ***13-15 April 2018*** by Good Shepherd langs Hartbeespoortdam
Tye: Vrydag ***13 April*** (18:00) tot Sondag ***15 April*** (na middagete)
Tema: MY KRAGBRON - Met "glo" bedoel Jesus gewoonlik geloof in God se krag vir die hier en nou.
Koste R1450 (enkel), R1310 (deel). Dit sluit jou verblyf, beddegoed en 6 etes vir die hele naweek in.
Inskrywing: Stuur 'n epos aan wnicol@mweb.co.za - Sodra jy antwoord ontvang dat daar plek is, betaal die volle bedrag of R500 deposito na die volgende rekening: NG RING, ABSA, 9328323743
Merk die betaling soos volg: retreat April, van, noemnaam

- Finansiële ondersteuning beskikbaar.

➢ **Retreat**: Onder die vaandel van Mosaïek gemeente [*Oop vir almal*] - **gelei deur Willem en Joke Nicol**
Datum: ***12-14 Oktober 2018*** by Origins (retreatsentrum van Mosaïek-gemeente naby Krugersdorp).
Tye: Vrydag ***12 Oktober*** (17:00 aankoms) - Sondag ***14 Oktober*** (11:00 vertrek)
Tema: MY KRAGBRON (vir Jesus is geloof hoofsaaklik geloof in God se krag)

Koste vir die hele naweek: R1120 (enkel), R890 (deel met een persoon), R650 (slaapsaal, in eie hok). Dit sluit jou verblyf, beddegoed en alle etes vir die hele naweek in.
Inskrywing by Ina van der Merwe retreats@mosaiek.com of 072 435 4648. Meld: retreat 12-14 Oktober.
(Algemene inligting by www.originsretreat.com).

❖ **Missionale gemeentebou en jeugbediening**: **Studietoer 12 na die VSA**
Onder leiding van Malan Nel
Datum: ***26 Oktober – 21 November 2018*** [Lees hier verder...]

❖ **Nuusbriewe**

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]

- **CLF-nuus: Seisoene van Genade**
  Gelowiges pak elke jaar 'n geloofsreis aan, en dit is dikwels 'n pad vol duwweltjies. Goddank dus vir stilhouplekke - vir die moontlikheid van besinning, nuwe asem, padkos. In Seisoene van Genade word geloofsreisigers gehelp om hulle belewenis by 60 sulke oorstanings onder woorde te bring. Van Adventstyd tot by Koninkrykstyd – en daarna. So word hierdie boek 'n handige, troostende gids in elke reisiger se bagasie.
  Dr Barend Vos is 'n predikant op die Noord-Kaapse platteland. Sy skryfwerk is reeds herhaaldelik bekroon.
  Indien u as gelowige groei in u verhouding met God wil beleef, kontak CLF by (021) 873 0396 of epos order@clf.co.za.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Biddag vir Opvoeding en Onderwys: 11 Februarie 2018**
- **Aswoensdag: 14 Februarie 2018**
- **Drinkwater vir die Wes-Kaap**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **UP Fakulteit Teologie**: **Gelegitimeerde proponente 2017**
- ❖ ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
- ❖ ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
- ❖ ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
- ❖ ***Johan Koen*** [082 393 2944, koenj@yahoo.com]
- ❖ ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
- ❖ ***Christian Oberholzer*** [082 349 7317, Lnet@telkomsa.net]
- ❖ ***Marius Schoombie*** [083 635 1523, mariusschoombie@gmail.com]
- ❖ ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]
- ❖ ***Adelle van Rhyn*** [082 881 9788, dellatjie777@gmail.com]
- ❖ ***Francois van Tonder*** [073 179 0017, francoisv3@gmail.com]

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

Ten slotte

Terug

BYLAES

Verklaring: NG Kerk Moderatuur

Gustav Claassen [Algemene Sekretaris] skryf soos volg: *"Graag bring ek twee sake onder julle aandag. Die moderatuur het op 6 Februarie 'n verklaring beskikbaar gestel met betrekking tot die regsproses wat aan die gang is. Die tweede saak handel oor die verkiesing van nuwe besture vir skoolbeheerliggame. Dit is 'n uiters belangrike saak wat aandag verdien gesien in die lig van voorgestelde wysigings op die die Skolewet wat die mandaat van beheerliggame radikaal wil beperk."*

Elf lidmate van die NG Kerk het gedurende 2017 'n regsproses begin om die 2016 Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings nietig te verklaar. Die elf het met verloop van tyd eedsverklarings afgelê. Die NG Kerk het nou daarop gereageer deur opponerende eedsverklarings te beteken en te liasseer. Daar is nog een eedsverklaring, die van ds Thijs van der Merwe van Windhoek uitstaande, wat binnekort beteken en geliasseer sal word. Na datum daarvan het die applikante tien hofdae tyd om op die eedsverklarings repliek te lewer.

Die NG Kerk het reeds in Junie 2017 besluit om die aansoek te opponeer. Die kerk se regspan het toe so kennis gegee. In die media is onlangs verwys na 'n vasgestelde hofdatum vir hierdie saak in April 2018. Dit is egter in 'n hof waar onbestrede aansoeke aangehoor word en is dus nie in hierdie proses toepaslik nie.

Tydens die verloop van hierdie proses het beide partye aan die ander by geleentheid uitstel verleen met betrekking tot sperdatums.

Die applikante het reeds vroeër via hul prokureurs aangedui dat hulle graag die moontlikheid van 'n arbitrasieproses sal wil benut om die saak te besleg. Die regspanne van die twee partye het ooreengekom om nadat alle eedsverklarings gewissel is, oor die gebruikmaking van die arbitrasieproses al dan nie te onderhandel. Hierdie gesprekke behoort binne die volgende drie weke voortgesit te word.

Die NG Kerk hoop dat die regsproses spoedige uitsluitsel oor die aansoek sal bied.

Verkiesing van skoolbeheerliggame

Eerskomende Sondag, 11 Februarie is **Biddag vir Opvoeding en Onderwys.** Dit is die ideale geleentheid om die belangrikheid van die beheerliggaamverkiesings wat in Maart vanjaar plaasvind nie, onder die aandag van ouers te bring.

Die Minister het reeds afgekondig dat die driejaarlikse verkiesings vanaf 1 – 31 Maart vanjaar moet plaasvind. Dit is 'n saak waaroor voorbidding gedoen moet word gegewe die uitdagings wat onderwys op elke vlak landwyd ervaar. Lidmate moet aangemoedig word om nie net deel te neem aan die verkiesings nie maar hulle ook besikbaar te stel om in die beheerliggaam te dien.

Dit is 'n baie belangrike en omvangryke verkiesing met sowat 300 000 mense wat in 23 719 skole verkies moet word. Dit is inderdaad 'n wonderlike geleentheid om diensbaar te wees en 'n verskil te maak. Vir die NG Kerk is die vennootskap tussen kerk, skool en ouers van onskatbare belang."

Terug

31 Januarie 2018

Beste kollegas

In hierdie tyd van knellende droogte word gelowiges uitgedaag om hulle te verootmoedig en in gebed hulle vertroue op God te plaas vir hulp en uitkoms. In die Bybel sien ons immers dat woestyn- en swaarkrytye geleenthede geword het van diepe verootmoediging. Dit was ook in dié tye dat God sy roeping aan mense bekend gemaak het en hulle opnuut bewus geword het van hulle afhanklikheid van Hom... [Lees die volledige brief hier...]

Die moderature van die *NG Kerk in Wes-Kaapland, die VGK Kaapland, die NG Kerk in Oos-Kaapland, die Anglican Church of Southern Africa, die Congregational Kerk, die Presbiteriaanse Kerk en die Evangelical Lutheran Church of Southern Africa (ELCSA)*, doen nou 'n beroep op alle landsburgers om **14 Februarie 2018** 'n dag van verootmoediging te maak. 14 Februarie is Aswoensdag, die begin van die lydenstyd in die kerkjaar. Ons bede is dat in die lig van die droogte die hele lydenstyd vir die kerk van Christus 'n tyd van verootmoediging en gebed sal wees

Ons versoek gemeentes om op 14 Februarie vanaf 12:00 hulle **kerkklokke** vir 'n tyd te lui om sodoende almal in ons gemeenskappe op te roep tot gebed en verootmoediging.

Ons versoek ook gemeentes om deur die loop van hierdie dag in elke gemeenskap 'n **spesiale gebedsbyeenkoms** te hou. Ons versoek is dat hierdie gebedsinisiatief die gestalte van 'n gemeenskapsaksie sal aanneem. Ons versoek ook dat kinders op spesiale maniere betrek word. Gemeenteleiers sou ook met skole kon skakel in hierdie verband.
Ons sal in die komende week 'n skrywe rig aan gemeentes met **verdere wenk**e oor die inhoud van die gebedsgeleenthede. 'n **Mediaverklaring** word ook in volgende week gedoen oor die **kerk se strategie van ondersteuning** ten aansien van die droogte.

Laat ons daagliks bid vir reën, maar met 'n leerbare hart, en 'n oop gemoed vir die leiding van die Heilige Gees oor elkeen van ons se roeping. Laat ons in hierdie tyd in vrede met mekaar en ander leef, mekaar bemoedig en mekaar in ons gebede dra. En laat ons hulp verleen aan elkeen wat die helpende hand van 'n naaste nodig het.

Nelis Janse van Rensburg
Voorsitter van die Moderamen
NG Kerk

Terug

Excelsus: Publieke lesing: Dr Michael Monyagh 23 Februarie 2018

Publieke lesing: Dr Michael Monyagh

Stuur hierdie vorm aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM			
Persoonlike inligting	**Van**		
	Naam		
	Instelling of gemeente		
	E-pos		
	Kontaknommers	**Sel**	**Telefoon**

Registrasie	Fooi	**R50,00 per persoon betaalbaar met registrasie by die geleentheid - Studente - gratis**
	Kursus	**Publieke lesing: Dr Michael Monyagh**
	Kursusdatum	**23 Feburarie 2018 (09:00 – 12:00)**
	Plek van aanbieding	**Eeufeessaal/Centenary Hall (Kamer 2-10)** **Fakulteit Teologie en Religie/Faculty of Theology and Religion**
	Sluitingsdatum	**20 Feburarie 2018**

Dr Michael Monyagh

Revd Dr Michael Moynagh, based at Wycliffe Hall, Oxford, works for Fresh Expressions as Director of network development and Consultant on theology and practice. He is responsible for facilitating the development of networks of individuals leading fresh expressions of church, as well as drawing together and reflecting on all that is being learnt about fresh expressions of church. He also has a watching brief on theological education and research. He is the author of various books, including *Church for every context* and *Being church, doing life.*

He will present a public lecture in two sessions at the Faculty of Theology and Religion.

For more information contact prof. dr. Nelus Niemandt at nelus.niemandt@up.ac.za

Terug

Excelsus: Hermeneutiek Konferensie 5-6 Maart 2018

Hoe verstaan ek wat ek lees?

Die Bybel is die Woord van God. So bely ons almal wanneer ons Belydenis van Geloof aflê. Wat presies beteken dit? Is elke woord in die Bybel op die klank af letterlik God se Woorde met Goddelike gesag? Indien wel, wat is die implikasies daarvan? Indien nie, wat sou dán die gevolge daarvan wees? Hoekom verstaan ons almal nie dit wat ons in die Bybel lees dieselfde nie? Ons sê ons glo in dieselfde Here, het dieselfde Bybel en Belydenisskrifte, en tog interpreteer ons tekste verskillend. Die navorsingsveld van die Hermeneutiek het ten doel om antwoorde op hierdie vrae te soek en na te vors.

Die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake is deur die Goudland Sinode versoek om aandag aan Hermeneutiek te gee. Hierdie saak is altyd van kardinale belang en dit behoort beslis 'n hoë prioriteit by elke Predikant, wat daagliks met God se Woord besig is, en die Woord van God verantwoordelik moet verkondig, te wees, selfs al beskou jy nie jouself as 'n dogmatoloog of 'n sistematiese teoloog nie.

Daar is ook besluit om die konferensie in samewerking met die Taakspan vir Predikantebediening, wat jaarliks in Maart 'n Sinodale Predikantekonferensie hou, aan te bied. Daarom word u uitgenooi om 5-6 Maart 2018 by die natuurskone Vaal de Sioleh by Parys saam met ons hieroor te kom nadink en ook 'n gespreksgenoot op die reis na groter helderheid en eenheid, te midde van die diversiteit in die Kerk te probeer bewerkstellig. Daar sal selfs **12 VBO** punte beskikbaar wees vir elke konferensieganger!

Doel van die konferensie:

- ✓ Om Hermeneutiek die kernfokus van die konferensie te maak.
- ✓ Om in gewone Afrikaans hierdie ingewikkelde saak soos verstaanbaar moontlik vir elkeen te probeer maak.
- ✓ Om vraagstukke met verdelende potensiaal, wat die aandag kan aflei van Hermeneutiek, doelbewus nie in die visier te laat kom nie.
- ✓ Om 'n sinvolle gespreksplatvorm daar te stel, wat die geleentheid bied om deur middel van 'n mediator, onderlinge verskille met respek, begrip en fyn aanvoeling deur almal aan te hoor en te bespreek, sonder etikettering, karikaturisering en taktlose belediging.
- ✓ Om met opregte belangstelling na mekaar te luister en nie om mekaar te probeer oortuig van bepaalde opinies, sienswyses, paradigmas of metodiek nie.
- ✓ Om kennis te neem van "nuwe" ontwikkelinge op Hermeneutiese gebied en die waardetoevoeging daarvan te probeer bepaal, sonder om die "ouer" beginsels, wat steeds waardevol mag wees, prys te gee.
- ✓ Om 'n groter probleembewussyn te kweek.
- ✓ Om al meer krities en eerlik met ons **eie** Hermeneutiese gereedskap en prosesse te wees.
- ✓ Om die wiele aan die rol te sit vir voortgesette, sinvolle, respekvolle gesprekvoering in ons Sinode, Streke, Ringe én veral Gemeentes.
- ✓ Om die ingewikkelde relasie tussen diversiteit en eenheid beter te probeer verstaan en in die toekoms meer sinvol te hanteer.
- ✓ Om waarde toe te voeg aan elke Predikant se eie omgang met die Skrif, in stiltetyd, opstel van Bybelstudies, sowel as in die preekmaakproses.
- ✓ Om vas te stel hoe 'n Missionale Kerk se missionale hermeneutiek behoort te funksioneer.

Formaat van die konferensie:

- ✓ Die konferensie neem die formaat aan van 'n twee-dag lange konferensie waartydens oorgeslaap kan word.
- ✓ Die gesprekke moet deurlopend gefasiliteer word deur 'n gesprekleier, wat as mediator sal optree en wat die ooreengekome gesprekreëls sal toepas. Hierdie persoon moet ook toesien dat die gesprekke ordelik en met respek teenoor mekaar se opinies geskied. Asook om genoegsame geleentheid aan elke konferensieganger te bied om standpunte te stel en vrae te vra, sonder om mekaar in die rede te val of om mekaar af te skiet.
- ✓ Daar sal **TWEE** gesprekinleiers wees, wat ter wille van gesonde balans, nie noodwendig met mekaar oor alles sal saamstem nie en verskillende kante van die saak te kan verteenwoordig. Daarna sal ruim geleentheid vir vrae en besprekings oor die onderwerp wat bespreek word, gegun word.
- ✓ Elke gesprekinleier word versoek om teen 15 Februarie 2018 hulle voordrag skriftelik vooraf beskikbaar te stel, sodat elke konferensieganger voor die tyd genoeg ruimte vir eie voorbereiding, nadenke en navorsing kan hê.
- ✓ Lede van die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake sal elke dag open en afsluit met gepaste Skriflesing en gebed.

Inhoud van die konferensie:

Dag 1: Skrifinterpretasie, Skrifgesag en Hermeneutiek:

'n Gesprek oor die rol van Hermeneutiek in Skrifinterpretasie en Skrifgesag, ingelei deur dr. Chris van Wyk en dr. James Kirkpatrick. Hulle sal ook die begripsverheldering hanteer en vrae soos:

1. Wat is Hermeneutiek?
2. Watter historiese ontwikkelinge het Hermeneutiek alreeds ondergaan?
3. Watter vertrekpunte, gereedskap en prosesse word in Hermeneutiek gebruik?
4. Hoe sou 'n "Gereformeerde Hermeneutiek" en 'n "Missionale Hermeneutiek" moontlik kan lyk? ens. aan die orde stel.

Dag 2: Verdere Gesprekvoering en Aktualisering:
'n Praktiese toepassing van die Hermeneutiese gereedskap en prosesse wat tydens die konferensie bespreek, of selfs ontdek is, in die maak van 'n preek oor Galasiërs 5:13-26.
Die Konferensie sal DV gehou word te Vaal de Sioleh op die Venterkroon pad, net buite Parys, langs die Vaal Rivier. Die Sinode subsidieer die konferensie gedeeltelik om dit vir elke predikant van Goudland Sinode so maklik as moontlik te maak om dit by te woon. Dit sal slegs R400.00 per persoon vir die 2 dae beloop, wat slaapplek en etes insluit. Ons hoop en vertrou dat al die predikante die belangrikheid hiervan sal besef en moeite sal doen om dit by te woon en dat hulle Kerkrade dit vir hulle moontlik sal maak.
Aangesien dit belangrik is om getalle te bepaal, versoek ons vriendelik, maar dringend: bespreek asseblief sommer vandag nog, maar op die laaste voor** 5 Februarie 2018**, jou plek deur die onderstaande inskrywingsvorm aan Hermien te epos: volbring@ngkgoudland.org.za as u dit nog nie gedoen het nie.
Predikante uit ander Sinodale Streke wat ook graag die Hermeneutiek Konferensie wil bywoon, is meer as welkom, maar sal R800 moet opdok.
Die inskrywingsfooi van R400 (Goudland Sinode) of R800 (Alle ander Sinodale Streke) moet asseblief voor 5 Februarie 2018 **inbetaal word in die volgende bankrekening:**
ABSA: NG Kerk Sinode Wes
Takkode: 632005
Tjekrekening: 1420146708
Verwysing: 3465/001 + naam

Hermeneutiek Konferensie: 5-6 Maart 2018
Inskrywingsvorm:

Titel:_____ Naam:_____ Van: _____

Tel: _____ Sel: _____

Epos: _____

Gemeente: _____

Ring: _____

Streek: _____

Streek Sinode indien nie Goudland nie: _____

Dieet Voorkeure:_____

Slaapplek Voorkeure:_____

Ander Voorkeure: _____

Opmerkings: _____

Terug

Excelsus - Simposium: Tom Long
19-20 Maart 2018

Dr. Thomas Grier Long is the Bandy Professor of Preaching at Candler School of Theology at Emory University in Atlanta, Georgia. He received his Ph.D. from Princeton Theological Seminary in 1980. He began

his career as a preacher at McElroy Memorial Associate Reformed Presbyterian Church near Atlanta, Georgia and since that time has taught at a number of seminaries, including Erskine, Columbia, Princeton, and Candler.

In 1996, Dr. Long was named one of the twelve most effective preachers in the English speaking world by Baylor University, along with the likes of Fred Craddock, Billy Graham, James Forbes, Barbara Brown Taylor and William Willimon. He was ordained in the Associate Reformed Presbyterian Church and currently a minister in the Presbyterian Church (U.S.A.). He is married to professor of sacramental and liturgical worship Kimberly Bracken Long.

Dr. Long's field is in Homiletics and is a strong proponent of the two pillars of preaching: strong exegetical work held alongside with strong presentation skills. Preaching magazine named his Witness of Preaching one of the 25 most influential books on preaching in the past 25 years.[1] A standard textbook in seminary and undergraduate preaching courses, the book advocates exegetical method seeking to discern a claim from the text to provide clarity of focus and function in sermons.

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Naam**	
	Van	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Kontaknommer (Selfoon)	

Registrasie	Fooi	**R480,00 per persoon**
	Kursus	**Simposium: Tom Long**
	Kursusdatum	**19-20 Maart 2018 (09:00 – 16:00)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)**
	Sluitingsdatum	**14 Maart 2018**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:

Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA

Terug

Missionale gemeentebou en jeugbediening
Studietoer 12 na die VSA

Onder leiding van Malan Nel
Datum: ***26 Oktober – 21 November***

Kan ons iets by gemeentes in die VSA leer?
Ek antwoord hierdie vraag sedert 1986 toe die eerste studietoer met 49 predikante begin het. Na oorlegpleging met kollegas wat al saam met my op toer was, gaan ek probeer vir nommer 12. Dit is DV. beslis my laaste een wat ek self lei. Hierdie kennisgewing, is om jou genoeg tyd te gee om te spaar en jou studieverlof te beplan. Ek is oortuig dat dit een van die rykste ervarings van jou bediening kan wees - soos vir die ongeveer 200 (+) pastors wat al op so 'n studietoer was. Een van hulle skryf: Ek beveel die studietoer na die VSA vir predikante en gemeente leiers sterk aan. Dit is 'n uiters leersame geleentheid waartydens deelnemers blootgestel word aan die insigte van leidende teoloë en gemeentes op die terrein van leierskap en missionale kerk wees. My ervaring is dat dit my gehelp het om 'n kosbare netwerk te vorm met skerp denkers oor een van die heel belangrikste uitdagings waarvoor die kerk staan. Dit het my siening van die aard van 'n gemeente in 'n vars, nuwe rigting gevorm en is een van die kosbare herinnerings in my bediening (Prof Nelus Niemandt, Na 2004 toer en toe nog as predikant, NG Gemeente Weltevredenpark). En skryf Anton Fick (Constantia Kruin): Ek het die voorreg gehad om twee toere saam met oom Malan te kon beleef. Die toere het my visie, kennis en energie vir die bediening drasties verhoog! Die saampraat, akademiese verryking en nuwe vriende wat gemaak word, is elke sent werd! Belê nou in jou bediening...jy sal nooit spyt wees nie!
Besoeke aan:

- 13 diverse missionale gemeentes (gevestig en 'emerging') met, in die meeste gevalle, 2-3 uur seminaar insette van hulle leiers;
- 10 (+) teoloë van 5 van die bekendste teologiese inrigtings in die VSA en konsultante soos Ken Callahan. (In 2016 het meer as 100 persone insette aan die groep gelewer);
- Van die VSA se bekendste besienswaardighede in 8 stede landwyd (hierdie keer ook hele oggend by die 'South Rim', Grand Canyon) kan mos niemand onaangeraak laat nie. Voeg hierby byna daaglikse evaluering en gesprekke as toergroep!

Ek is oortuig dat breë en gebalanseerde blootstelling van groot belang is wanneer iemand die VSA besoek. Eensydige en ongebalanseerde blootstelling in so 'n groot land is maklik.

Vir meer inligting oor hierdie toer kontak Malan Nel by malannelup@gmail.com.

Terug